DAG 3

Ons is ontwerp om sy woning te wees

Lees Johannes 14:1-31.

Jesus antwoord en sê vir Hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak (v. 23).

'n Woonplek is meer as net 'n huis. Dit is 'n plek waar jy tuis voel, 'n plek van veiligheid, aanvaarding en liefde. Daar gee mense vir jou om.

As die Here sê dat Hy by ons wil kom bly, wil Hy nie net oornag nie. Sy bedoeling is om 'n permanente woonplek in ons lewe te maak.

Ons moet mooi oor die implikasie van hierdie stelling dink. Die feit dat God tussen sy mense in Israel gewoon het, het 'n geweldige impak op meer as net Israel gehad. Die volkere rondom Israel het dit ook ervaar. Hulle het met vrees vir Israel geleef net omdat hulle geweet het die

Skeppergod woon daar by die volk. En terwyl hulle erken het dat die Here die middelpunt van hulle bestaan is, het Hy gesorg dat hulle daar veilig en geborge bly. Niemand het hulle aangeraak nie.

Die Here wat tussen Israel woon, was maar net 'n heenwysing na die Here wat nou in die harte van die nuwe Israel, sy volk wat Hyself uitverkies het, woon. Nou is onsself die tempel, die woonplek van die lewende God. Hy het gekies om binne-in ons te woon. Wat 'n geweldige gedagte! Hy leef nie naby my nie, nie in my teenwoordigheid nie, maar binne-in my. Halleluja!

Here, help my om iets te verstaan van die wonder van God wat in my leef. U bevry my van alle vrees en angs, want U is deel van my wese.

Aantekeninge: